

Hoofstuk van die dag: Eksodus 38

Hier volg die hoeveelhede van die materiaal wat gebruik is om die tabernakel waarin die getuienis was, op te rig. (vers 21)

Behalwe vir Besaleël en Oholiab, die vakmanne wat in beheer was van die ontwerp en maak van alles in die tabernakel-

kompleks, lees ons nou van ’n derde persoon in die span: Itamar. Hy was die rekenmeester van die projek, of dalk die bourekenaar, as ons ’n moderne titel vir sy taak soek. Hy en die Leviete onder hom was verantwoordelik vir die noukeurige opteken van al die materiaal wat vir die tabernakel geskenk en gebruik is.

Vir party van ons klink dit na ’n vervelige taak, dalk onbelangrik of selfs onbenullig. Dié wat weet, sal dadelik vir jou sê dat ’n noukeurige bestekopname en voorraadbestuur noodsaaklik is vir enige projek. As dié saak beter in ons land hanteer is, sou daar baie minder geleentheid vir korrupsie en wanadministrasie wees.

Wanneer ’n mens vir die Here werk, is daar nie belangrike en minder belangrike take nie, soos Paulus ons in 1 Kor 12:12-31 uitwys. Daarom is die bietjie of die baie wat jy vir die Here doen, belangrik genoeg dat jy jou beste daarvoor gee.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026